

# Benjamin se Glimlag

Vianne Venter
Afrikaans




African Storybook.org



Dit reën al vir dae lank en almal is ongelukkig. Almal behalwe Benjamin, hy het elke oggend met 'n glimlag wakker geword. "Sjoe, Benjamin! Daardie glimlag is darem breed!" sê ouma. "Is dit vir my?" Benjamin sit sy hand oor sy mond en fluister saggies "maar dis MY glimlag, ouma."



Sy ma het begin lag. "Benjamin, 'n glimlag is iets wat jy kan weg gee sonder om dit te verloor. Kyk!" Sy het hom opgetel om in die spieël te kyk en daar was sy glimlag, net so breed soos voorheen.



Dit was tyd om te gaan. Benjamin se ma het sy reënjas vas geknoop en daar loop hulle, deur die reën, na die biblioteek toe. Af in die straat, staan Benjamin se beste maatjie, Eliana, by die venster van haar huis en kyk hartseer uit na hoe die reën buite val. Benjamin voel iets in sy mond, ewe skielik spring sy glimlag uit en vlieg oor die straat na Eliania toe.



Eliana het styf vas gehou aan daardie glimlag - dit was vêr te mooi om dit te verloor. Soos Benjamin weg loop biblioteek toe, lui Eliana se deur klokkie. Dit was die posman, met 'n brief van haar gunsteling niggie. Eliana was so bly, dat die glimlag op bons en uitstraal na die posman. "Dankie, Meneer Posman!" het Eliana gesê.

Eliana se glimlag was die helderste ding wat die posman nog heel oggend gesien het. Dit het hom warm gehou, soos hy deur die reën loop. Hy kom tot by 'n groot huis. Binne die hek, was 'n groot hond wat in sirkels hardloop en blaf, blaf en blaf. Hy was so verspot, dat die posman nie kon help om te glimlag nie. Die glimlag bons deur die hek, reguit na die hond toe.





Die hond hou skielik op met blaf. Hy tel sy ore op en swaai sy stert deur die lug. Hy draai toe om en hardloop terug na die huis, met die helder, warm glimlag.

'n Geboë ou man maak die deur oop. "O, nee! Jy kan nie inkom nie. Jy is nat!" se die ou man vir die hond en dadelik straal die glimlag na die ou man uit.

Die ou man staan toe bietjie meer regop. "Ag," sê hy, "Wie gee om of dit reën? Kom ons gaan stap 'n bietjie!" Daar loop die twee, al spattend in die waterpoele.

By die zebra strepe, staan die knorrige Mevrou Makabela, die verkeerskonstabel. Sy was koud, nat en knorrig. Die ou man het net geweet wat om te doen. "Môre, Mevrou Makabela!", roep hy uit en glimlag sy breedste, helderste glimlag, maar Mevrou Makabela....glimlag nie terug nie.



Om in die reën te staan vir dae lank kan mens baie ongelukkig maak, maar 'n glimlag is 'n towerende ding en teen die tyd, was die glimlag so sterk en so helder, dat dit moeilik was om dit binne te hou. Dit het nie dadelik gewerk nie, maar 'n klein rukkie daarna het dit begin uitstraal en.....uiteindelik!

'n Groot, breë glimlag het Mevrou Makabela se gesig opgehelder! Die skool klok het gelui en kinders hardloop om oor die straat te kom. Mevrou Makabela sit haar pad teken toe op en glimlag vir elke liewe kind wat verby haar stap.






Die kinders glimlag toe vir hulle pappa's, mamma's, ouma's en oupa's. Hulle het geglimlag vir die bus bestuurder en die groentewinkel eienaar en Mev Maka, wat vir haar man geglimlag het en hy het weer vir die burgermeester geglimlag. Die glimlagte het uit gestraal totdat almal geglimlag en gelag het in die reën.

In die biblioteek was alles stil, behalwe die klank van reën wat op die dak val. "Dit is tyd om te gaan," sê Benjamin se ma, terwyl sy haar boek toemaak. "Ma!", sê Benjamin, wat uit glimlagte is.





Soos hulle uit die biblioteek stap....staan hulle verstom. Almal in die dorp was daar. Almal! Hulle was almal besig om te glimlag.



Hulle glimlagte het rond gespring en uitgestraal na Benjamin. Die glimlagte het hom warm gemaak en hom gekielie, van sy tone tot sy kroontjie. Benjamin was so vol van vreugde dat die glimlagte uitbars van helderheid.

Iets het verander. Die donker, reënerige middag is weg. Die warm son skyn neer op almal met die grootste, breedste, helderste glimlag van almal.

# Benjamin se Glimlag

Writer: Vianne Venter
Illustration: Genevieve Terblanche and Lauren Rycroft
Translated By: Maryke Van Nieuwenhuizen
Language: Afrikaans

© Vianne Venter, Genevieve Terblanche, Lauren Rycroft and bookdash.org, 2015

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Book Dash is a movement of volunteers working to create open-licensed books for young readers, and get these into the hands of children. See more at www.bookdash.org.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative